



Nuwe
Genootskap
Simbra KI Bul
Talerman Pilot

How much of
EBV's are
transmitted
to progeny?



Uitgawe/Issue 44 BULLBETTING

Vars uit die
veld

DONDERDAG, 31 Januarie 2013 ●●●



In hierdie uitgawe:

Simbra Kursus Februarie 2013
Calf reported with incorrect dam
Geboortegewig
How much of EBV's are transmitted to progeny?
Nuwe Genootskap Simbra KI Bul
Geklassifiseerd
Belangrike Kennisgewing

En nog baie meer...

ERRATUM

In die Bulletin van Desember 2012 het ek **Kwantum** verkeerd gespel. My weergawe – Quantum i.p.v. Kwantum. Hiermee my verskoning aan Mnr Piet Wolmarans.
Groete
Belinda Putter

“Kalf aangemeld met verkeerde moeder”

Voorsien asseblief die volledige tatoeëernommer van die moeder (**soos op die sertifikaat / webblad**) op die geboortekennisgewing, veral die Simbras.

PAUL ROUX VEILING
In opdrag van
HERDHA BOERDERY & HERCULES SIMBRA STOET
(HARRY PRETORIUS)
word die volgende te koop aangebied op
DINSDAG, 5 FEBRUARIE 2013
om **11:00** te
MOROCCO, PAUL ROUX.



ALGEHELE UITVERKOPING!

- 336 SIMBRA BEESTE
- 25 SIMMENTALER BEESTE
- TREKKERS
- OESMASJIENE
- MOTORFIETSE
- ANDER PLAASIMPLEMENTE
- MEUBELS

2DE VRUGBAARSTE KUDDE IN 75+ KOEIE

Simbra Judges Course

The next Simbra Judging Course is to be held on 6 & 7 February 2013 at the Central University of Technology, Bloemfontein. For more information and booking please contact Belinda Putter at admin@simbra.org or 051-4460580. Private - R650 and Students - R150. Hope to see you there!

“Calf reported with incorrect dam”

Please provide the correct tattoo number of the dam (**on certificate / web page**) on the birth notification, especially the Simbras.

ALGEMENE RIGLYNE VIR SUKSESVOLLE VELDBESTUUR

- Ken die verskillende grassoorte en weet wat hulle weidingswaarde is.
- Aanvaar dat alle grasse nie weigrasse is nie. Smaaklike maarjarige grasse moet die hoof voedingsbron wees.
- Aanvaar dat goeie diereproduksie slegs moontlik is wanneer diere toegang het tot genoeg smaaklike grasse.
- Span kampe volgens veldverskille.
- Handhaaf die korrekte veelading deur veegetalle aan te pas by die heersende veld- en klimaatstoestand.
- Dit is noodsaaklik dat veld vir 'n groeiseisoen rus. Soetveld vind baie baat by twee agtereenvolgende rusperiodes in die groeiseisoen.
- Hou rekord van die getal diere en aantal dae in 'n kamp om die drakrag te bepaal.

Hendrik van Pletzen, VOERMOL

KENNISGEWING

Die Simmentaler en Simbra Genootskap se adres het verander. Gebruik asb die onderstaande adres:

Privaat Sak X 7002
Langenhovenpark
9330



NOTICE

The Simmentaler and Simbra Society's address has changed. Kindly use the address below:

Private Bag X 7002
Langenhoven Park
9330



Eie weeglys

Gewigte kan vir die verkeerde dier opgeneem word as die tatoeëernommers nie korrek deurgegee word nie. Voorsien die korrekte nommer (**soos op die sertifikaat / webblad**) van dier, weegdatum, die nodige bestuurskode asook die gewig op die lys indien gewigte nie op die voorgeskrewe weeglyste ingedien word nie. Tatoeëernommers van **Simbra** diere moet die A, B of C agteraan hê.

200dae Gewigte

Voorsien die volledige tatoeëernommer van die kalf asook die moeder, weegdatum, gewigte en die nodige bestuurskode.

Own weighing list

The weight can be recorded for the wrong animal if the tattoo number is not correct. Please complete the correct number for the animal (**as on certificate / web page**), the weigh date, weight and the necessary management code. Tattoo numbers of Simbra animals must have the correct A, B or C behind it.

200day Weights

Complete the correct number of the calf as well as the dam, weigh date, weight and necessary management code.

GEBOORTEGEWIG

Die geboortegewig van 'n kalf kan as riglyn vir kalwingsprobleme gebruik word, maar die geboortegewig **teelwaarde** (ook BW) is 'n baie beter voorspeller van kalfprobleme aangesien dit data van verskillende bronne kombineer. Namate die bul meer nageslag verwek, verbeter die akkuraatheid van sy geboortegewig TW en is sy eie geboortegewig van geringe betekenis. **Dit is hoekom jy 'n 45kg bul met 'n +1 TW en 'n 40kg bul met 'n +1,5 TW kan kry.** Alhoewel **LAE** geboortegewig TWs verkies word, word dit ook algemeen geassosieer met minder groei en kleiner beeste. Hierdie kleiner verse is dan geneig om meer kalfprobleme te hê d.w.s. 'n lae maternale gemak vir kalwing (CEM) teelwaarde. Ons verkies dus 'n geboortegewig TW wat nie te laag is nie. Telers wat swaar kalwers op 200 en 400 dae selekteer en geboortegewig teelwaarde nie in toom hou nie, gaan 'n toename in kalfprobleme ondervind.

TOETSVEREISTES

Moenie raai wat die geboortegewig is nie – weeg ALLE kalwers noukeurig binne 24 uur na geboorte of weeg glad nie. Sonder 'n werklike geboortegewig, sal die TW minder akkuraat wees en alleenlik op speen- en naspeengewigte gebaseer word.

Indien die geboortegewig deur die voor-geboorte bestuur van die moeder beïnvloed was*, voltooi 'n eie keuse bestuursgroepkode langs die geboortegewig of in Kolom 11 van die Geboorteboek.

(* = Moeder onlangs geskou, siek, aangekoop of voorkeur behandeling)

ONTHOU: hoe laer die geboortegewig TW, hoe laer die verwagte geboortegewig.

BIRTH WEIGHT

The birth **weight** of a calf can be used as a guide-line for calving problems, but the birth weight **breeding value** (BW) is a far better predictor of calving problems since it can combine data from different sources. As the bull breeds more progeny, the accuracy of his birth weight EBV improves and his own birth weight becomes of minor importance. **That is why you can get a 45kg bull with a +1 EBV and a 40kg bull with a +1,5 EBV.**

Although **LOW** birth weight EBV's are preferred, it is generally associated with poorer growth and smaller cattle. These smaller heifers are then inclined to have more calving problems, i.e. a low maternal calving ease (CEM) breeding value. We therefore prefer a birth weight EBV which is not too low. Breeders that select heavy calves at 200 and 400 days and do not keep a check on birth weight EBV's, will experience an increase in calving problems.

TESTING REQUIREMENTS

Do not guess what the birth weight is - weigh **ALL** calves carefully within 24 hours after birth, or else do not weigh at all. Without a real birth weight the EBV will be less accurate and based only on weaning and post weaning weights.

If the birth weight had been influenced by the pre-natal management of the mother*, complete a management group code of your own choice next to the birth weight or in column 10 of the new Birth Book.

(* = mother recently showed, ill, bought or preference treatment)

REMEMBER: the lower the **birth weight EBV**, the lower the **expected birth weight**.

Ek het gedurende 2001 die Mount Pleasant Jersey stoet begin. My uittrede uit die korporatiewe omgewing gedurende Maart 2012 het my die kans gebied om meer op my boerderybelange te fokus, vandaar my besluit om 'n Simmentaler stoet te vestig.



Ek het gedurende September 2011 my eerste Simmentaler stoetkoei gekoop in die hoop dat haar goed geteelde bulkalf later vir teeltoeleindes aangewend kon word. Die beskikbaarheid van goeie gehalte kommersiële Simmentalers in my omgewing het my belangstelling boonop verder aangevuur.

Verskeie faktore het my besluit om met Simmentalers te boer beïnvloed. Die lae melkprys, te midde van enorme insetkoste, die arbeidsintensiwiteit van melkboerdery en die oneffektiewe benutting van droëland weiding was genoeg motivering om 'n beter opbrengs op kapitaal na te streef.

Ek het uiteindelik die Simmentaler Genootskap gekontak en was van meets af beïndruk met hulle vriendelike, diensgeoriënteerde en kundige hulp.

Simmentalers het 'n gematigde temperament, groei vinnig en lewer kalwers met 'n uitstekende speengewig. Die ras is ook ideaal om op 'n plaas te vestig waar die infrastruktuur primêr ontwikkel was vir melkboerdery.

Die bereidwilligheid van Simmentaler-telers om hul kundigheid met nuwe toetreders tot hulle geledere te deel het dit ook maklik gemaak om ingeligte besluite te kon neem. Die Genootskap se keuringsbeleid bied boonop verdere gemoedsrus vir voornemende vleisboere.

Die groot aanbod van Simmentalers op produksieveilings is afdoende bewys dat Simmentalers vandag vele vleisboere se ras van keuse is en bied boonop die geleentheid om 'n voortreflike kudde oor 'n relatief kort periode te vestig.

Minder as 2 jaar na die aankoop van my eerste Simmentaler kan ek onomwonde verklaar dat ek weer die Simmentaler roete sou kies indien die horlosie terugdraai kon word.

Barry Botha

SIMBRA JOERNAAL 2013

Die bestelvorms vir die plaas van 'n advertensie in die Simbra Joernaal 2013 is by die kantoor of op die webblad (www.simbra.org) beskikbaar. Skakel gerus met Belinda Putter by 051-4460580 of admin@simbra.org

NUWE BEREKENING VAN PUNTE OP SKOUE

MEESTE PUNTE per VERTONER (Kampioene tel nie):

Groepe, Bulle, Vroulik en Algeheel.

Die plek wat die dier staan in sy groep en individuele klasse moet vermenigvuldig word met die aantal groepe in groepklas en aantal diere in die individuele klas.

Individueel:

Skou A – 1^{ste} plek = 6 punte x 20 diere in klas = 120

Skou B – 1^{ste} plek = 6 punte x 5 diere in klas = 30

Groepe:

Skou A – 1^{ste} plek = 6 punte x 5 groepe in klas = 30

Skou B – 1^{ste} plek = 6 punte x 2 groepe in klas = 12

Die beoordelaars besluit hoeveel diere/groepe per klas geplaas gaan word en moet plasing van 6^{de} plek na 1^{ste} plek bespreek.

10 MOST INTERESTING FACTS ABOUT COWS

A cow can climb up the stairs, but cannot climb down. This is because her knees cannot bend properly.

A cow produces around 200,000 glasses of milk in her lifetime.

A cow stands up and sits down about 14 times a day.

A cow usually spends 6-7 hours in day eating cud and around 8 hours on chewing it.

Almost all the cows chew at least 50 times per minute.

An average cow has more than 40,000 jaw movements in a day.

Cows can drink up to 35 gallons of water a day.

Cows do not bite grass; rather they curl their tongue around it.

Cows have almost total 360-degree panoramic vision.

Cows have an acute sense of smell and can smell something up to 6 miles away.

How much of EBV's are transmitted to progeny?

EBV stand for Estimated Breeding Value. An EBV is an estimate of an animal's value as a parent for a particular production trait such as 400-day weight.

When bulls with different EBV's are joined to similar cows, the difference that can be expected in their progeny's performance will be half the difference in the EBV of the bulls being compared.

e.g.	Birth WT EBV	400-day WT EBV
Bull A	+2.1kg	+40
Bull B	+4.1	+60
Difference	2kg	20kg

Assuming they are joined to the same cows, the calves of Bull A will average 1kg higher at birth and 10kg lighter at 400 days.

Why only half the EBV difference? Each parent contributes only half of its genes to each of its calves and in this case we are looking only at the bull's contribution.

GENOOTSKAP SIMBRA KI BUL

Talerman Pilot **MAN1135C** van Talerman Simbras, Oosie Strydom is nou die Genootskap se nuwe KI Simbra Bul. Baie geluk aan Oosie! Kontak gerus vir Lara Rossouw by Embrio Plus by 012-2502359 of info@embryoplus.com vir saad.



**RESERWE BLUP KAMPIOEN
TYDENS DIE SIMBRA
FEESWEEK 2012**

WAT 'N PRESTASIE?

Baie geluk aan Jacob Monnahela wat op 1 Februarie 2013 30 jaar werksaam is by die Genootskap.

Geluk ook aan Helene Weydeman wat op 1 Februarie 2013 10 jaar by die Genootskap werksaam is.

Die Raad, Telers en mede Personeel bedank julle vir jul toewyding en het groot waardering vir jul pligsgetroue diens.

Foto's: Mnr Flaf Lauwrens oorhandig hul sertifikate.



SINKRONISASIE MET TA'S

Donderdag, 10 Januarie 2013 om 7 uur het die TA's met Schullie se "cap en n half" (ek moes op klein bankie agter sitplekke sit omdat ek glo die jongste is!) vertrek na die volgende kuddes:

Albert Slabbert – Simmentaler kudde . Hier het ons gewerk met \pm 100 diere. Diere het een- een verbygekom. Elkeen moes om die beurt sê wat hy sien – die ander 2 moes byvoeg, saamstem of verskil.

Christiaan Bower – Simbra kudde . Weer met \pm 100 diere gewerk, asook met groot groep Cum F1 diere. Het goeie bespreking gehad oor tipe en kleur. Groep verse het veral beïndruk omdat hulle uit Cum koeie kom met 'n Fanie Marè bul by hulle.

'n Groot voordeel van die dag was dat elkeen met vrymoedigheid kon verskil, maar aan die einde van die dag kon ons saamstem . Ek het ook aan elkeen gevra watter probleme hy sien in elke kudde.

Nog 'n voordeel was dat ons saam gery het, rustig oor werksake kon gesels sonder onderbrekings.

**FLAF LAUWRENS
HOOFBESTUURDER**

Flaf Lauwrens en Christiaan Bower



Flaf Lauwrens, Schullie Schuilenburg, Albert Slabbert en Fred Dell



Baie dankie aan Albert en Christiaan vir al die tyd, moeite en opoffering met hul kudde om hierdie dag moontlik te maak.

As gevolg van my aanstelling by Simm/Simbra kantoor – Bied ons 44 Jaar se teling – met trots aan:

- 47 Koeie waaronder 19 koeie met kalwers
- Koeie begin 1 Maart kalf
- 14 Dragtige verse
- 11 Verse by bul
- 17 Verse 8-14 mnde – oop
- 3 Donkerrooi Natuurlike Poena Stoetbulle
- 18 Jong bulle (8 mnde tot 2 jaar)

Kontak vir besigtiging: Flaf Lauwrens

Sel nr: 079 395 3001

Email: flaf@simmentaler.org



Simmentaler & Simbra Beestelersgenootskap

Ons nooi graag alle telers uit om by die kantoor besoek af te lê wanneer jul in Bloemfontein is. Dit sal vir ons aangenaam wees om jul te ontmoet en dan kan jul self ook die dames ontmoet wat met jul kudde vaslegging en data werk.



Geklassifiseerd

Stuur jou nuus aan info@simmentaler.org

Personalia

Baie sterkte aan alle leerlinge en studente vir nog 'n akademiese jaar wat voorlê!

Ian Currin is uit intensief, maar nog steeds onder versorging tuis. Baie dankie aan almal se wense en gebede. **Graeme en gesin.**

Gesoek

Die kantoor is opsoek na foto's vir promosie materiaal. Ons wil veral foto's hê van koeie met mooi dik kalwers langs hulle.

Dit hoef nie noodwendig geregistreerde diere te wees nie. Kyk asb deur julle ou foto's of neem sommer mooi nuwe foto's vir ons! Stuur vir ons die foto's na admin@simbra.org

WEBBLAAIE

Ons wil graag op ons Simmentaler en Simbra webblaaie diere wat te koop is plaas. Stuur asb alle inligting aan Belinda by info@simmentaler.org



Te koop

Stoet te koop – skakel met Dawie van Schalkwyk by 0824911202 of dawie.vanschalkwyk@sasol.com

Geregistreerde Simbra koeie en verse beskikbaar. Kontak Hennie Visser by 084 5831 626 vir besonderhede insake groepe en pryse.

Gelukwensings

Geluk aan die volgende persone wat in **Februarie** verjaar:

Mariejie Oelofse	3
Settie Marè	4
Katja Metzger	9
Gaby Voigts	10
Lynn Dell	11
Eunice Schulenburg	15
Reini Rusch	19
Jana Bester	28

Sterfgevälle

John Swanepoel, eggenoot van ons bekende Simmentaler Teler Johanna Swanepoel (voorheen van Tosca).

Mnr Johan Nel, skoonpa van Oosie Strydom.

Algemeen

Stuur vir ons jou nuus voor die 15de van elke maand om te verseker dat dit verskyn aan Belinda Putter by info@simmentaler.org

OF

admin@simbra.org

OF

Faks: 051-4460455

Ons hoor graag van jou!!!



Simmentaler & Simbra Breeders' Society of Southern Africa

The Bulletin is the monthly newsletter of the Simmentaler & Simbra Breeders' Society of Southern Africa.

Opinions expressed in the Bulletin are not necessarily the views of the council of this Breeders' Society. This Society accepts no responsibility for claims made in advertisements.

Articles may only be reproduced with the approval of the Editor.

COPYRIGHT RESERVED

Follow us on:



www.simmentaler.co.za



www.simbra.org



Simmentaler Cattle Breeders Society



Simbra Cattle South Africa